

Visie: Gedring deur God se Liefde leef ons om Hom te verheerlik
Missie : Koinonia, Geloof en Getuienis

Jaargang 22

2de Kwartaal 2021

AÄRON

Moses was drie jaar jonger as sy broer, Aäron, maar as gevolg van die farao se dogter wat hom in die Nylrivier ontdek, gered en aangeneem het, was Moses altyd die een wat die kalklig gesteel het terwyl die arme Aäron gereeld aan die agterste speen moes suig.

Selfs toe Moses Egipte later onder 'n wolk verlaat het, het alles

vir hom pragtig uitgewerk en in plek geval. So asof hy met die goue lepel in die mond gebore is. In die vreemde het hy met die beeldskone dogter van 'n welgestelde skaapboer van 'n buurland getrou en Moses se lewe was 'n lied.

Intussen bevind Aäron homself so stil-stil in die bediening waarin hy homself ook heel goed van sy taak gekwyt het.

Maar dit was die jonger Moses se gesig wat gedurig op die voorblaaie gepryk het! Dink maar aan daardie dramatiese toneel toe die Stem hom uit die brandende bos geroep het tot hoër diens en die daarop volgende wonderbaarlike verlossing van God se kinders uit die slawehuis van Egipte. Aäron moes maar tevrede wees om tweede viool as blote tolk te speel. Dalk sou ek vir Aäron wou bemoedig met die woorde van die bekende Spurgeon. Hy het op 'n keer gesê – 'It take more skill than I can tell to play the second fiddle well!'

Maar so sou dinge egter nie bly nie. Vir Aäron, wat voortdurend in die skadu van sy jonger broer beweeg het, het sy kans op 'n dag gekom. Tog het hy hierdie kans liederlik verbrou.

Dit het gebeur dat Moses te lank na almal se sin op die heilige berg, Sinai, vertoef het en hulle gevolglik oortuig geraak het daarvan dat



hy nooit weer sou terugkeer nie. Dis toe dat die leierlose volk na Aäron toe gedraai het om hul leier te wees. In 'n japtrap het hy egter, sy teologiese skoling ten spyt, toegelaat dat die volk die eerste, tweede en sewende gebooie blatant oortree met uitspattige gesing en losbandige gedans rondom 'n goue kalf soos 'n klomp wilde barbare uit 'n vroeë tyd. (Eksodus 32:1-4).

Mens wonder of dit nie dalk sy manier was om Moses so bietjie terug te kry vir al daardie jare waarin hy tweede viool moes speel nie.

Of - en dis die ontstellende vraag wat in my hart bly draal – het ds Aäron nie dalk regtig geglo, soos die res van sy mense, dat 'n klompie (letterlik staan daar “gode”) goue gode wat mens kan sien en waaraan mens kan voel, aanneemliker is as ons enigste God se bevrydende Stem uit 'n brandende bos nie?

En aan jou en my: Watter God aanbid ek?

Barry van Wyk (Grafika – www.preekriglyne.co.za)

JOÚ GEBEDE IS NODIG!

Ons het baie lank geworstel en gebid oor ons taak in die kerkraad, te wete gemeente-bediening. Dit behels eintlik so baie en oorvleuel met baie ander aksies en gebeure in ons gemeente. Met die bestudering van Matt. 6 waar Jesus ons leer om ons gebede eerstens op die Naam, koninkryk en die wil van God toe te spits, het dit vir ons duidelik geword. In Matt 6:33 sê Jesus: *“Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee”*.

Die Here het dit op ons harte gedruk en oor en oor bevestig dat hierdie gemeente 'n gemeente van biddende lidmate



sal word. Om doeltreffend te kan uitreik, moet ons die Here toelaat om ons harte nuut te maak (Eseg.11) deur te bid sonder ophou.

Daarom word elke lidmaat versoek om by die

binnekamergebedsaksie in te skakel – hierdie is baie privaat en jy hoef nie hardop of voor ander te bid nie, maar in jou eie binnekamer soos wat Jesus ons leer in Matt.6:6.

Ons voel dalk dat ons nie iets vir die gemeente en selfs vir die Here kan doen nie. Ons voel dalk dat ons te oud of te jonk of wat ookal is. Nooit nie! Ongeag of ons al oud, alleen, sieklik of te besig of 'n jong tiener, of laerskoolleerling is – elkeen van ons kan vir die gemeente se

mense bid, in ons persoonlike stiltetyd en op enige plek en tyd.

Bid dan dat ons, ons harte sal oopmaak vir die Here, dat ons in diep afhanklikheid van Hom, sy wil sal soek en gehoorsaam sal wees. Ja, bid vir mekaar! Bid vir elkeen van ons se verhouding met die lewende God en dat ons harte brandend vir Hom sal wees!

Vir die wat graag wil, is daar ook 'n **whatsapp-groep**, waar spesifieke gebedsversoeke vir lidmate se geestelike welstand, ander gemeentesake en versoeke vir gemeentede wat swaarkry, onder andere vanweë siekte of dood in die familie, deurgegee word. Kontak Marina Stander (0823714700) in die verband. Indien jy nie whatsapp

het nie, word sms-boodskappe gestuur.

Gebedsbyeenkoms. Verder kan enigeen wat graag wil en vir wie dit moontlik is, op 'n Donderdagoggend om 9 uur saam in die konsistorie voorbidding kom doen vir ons gemeente en ook ander sake. Spesifieke gebedsversoeke word ook hier hanteer.

Ons is werklik oortuig daarvan dat dit die Here se wil is dat ons 'n biddende gemeente sal wees wat biddend, gehoorsaam, sy wil sal doen. Om te bid is die mees vervullende manier om betrokke te raak en ons gemeente te laat groei! Kom ons bid en vertrou dan die Here om ons gebede te verhoor!

Chris en Marina Stander

ONS SENIOR BURGERS - 80 JAAR EN OUER

Hartlike gelukwense met die verjaardag! “ Luister hierna Job, staan stil en dink na oor die wonderdade van God. Weet jy hoe Hy dit alles voorberei? Dit is die wonderlike werk van Hom wie se kennis volmaak is.” Job 37:14-16

APRIL:

02 – Nico Oelofse (85): Sy gesondheid is op die oomblik nie te goed nie, maar hy het behandeling ontvang en kyk vorentoe.

06 – Annatjie Claassen (89): Tannie Annatjie sê sy is stokoud maar gaan nog aan en dit gaan goed. Ondervind net probleme met haar een oog en dit versteur haar balans.

13 – Nellie Schlebush (89): Tannie Nellie is steeds 24 uur per dag op suurstof. Sy het 'n bietjie gesukkel, maar dit gaan nou weer beter.

14 – Marie-Louise de Vries (86): Tannie Marie-Louise is ernstig siek en is tans by haar seun in Johannesburg. Sterkte!

18 – Heila Botha (88): Tannie Heila se rug pla 'n bietjie maar verder gaan dit goed.

22 – Eleanor Coetzee (84): Tannie Ellie se gesondheid is 'n bietjie op en af, maar verder is sy baie opgewonde want sy word een van die dae

'n oumagrootjie!

24 – Dinkels Schultz (86): Tannie Dinkels moet gaan vir 'n klein operasie om die drukking op haar rugmurg te verlig. Sterkte!

27 – Valerie Ellis (80): Dit gaan baie goed en sy het geen klagtes nie.

MEI:

01 – May Uys (86): Geniet goeie gesondheid en het geen klagtes nie.

07 – Nellie de Swardt (80): Haar bene is 'n bietjie onwillig, maar verder gaan dit goed. Sy help nog haar dogter met boekhouding!

08 – Frikkie Botha (87): Tannie Letitia sê dat dit nie goed gaan met oom Frikkie nie, hy is nou bedlêend. Met haar en met hulle kleinseun in Engeland gaan dit onder omstandighede redelik goed.

10 – Hazel Wentworth (83): Dit gaan baie goed, geen klagtes nie!

15 – Alet Fourie (84): Gaan goed, gesondheid goed.

16 – Anna van Brakel (83): Dit gaan op die oomblik redelik. Sy sukkel nog met die rolstoel en is nie seker hoe dinge sal uitwerk nie.

21 – Nanna Wessels (84): Gaan goed, geen klagtes nie.

24 – Gert du Preez (85): Gaan goed, geen klagtes nie.

24 – Micky Heese (80): Gaan goed. Niks om oor te kla nie.

28 – René Theron (82): Dit gaan baie goed. Sy het in 'n meenthuis ingetrek en moet aanpas by die kleiner plek maar nou is die werk darem minder. Sy doen nog alles self!

JUNIE:

02 – Bok Ludwick (85): Dit gaan goed en gesondheid is nog goed.

20 – Gawie Nel (91): Oom Gawie se gehoor is baie swak. Hy was ook in die hospitaal met longontsteking maar dit gaan weer beter. Hy bly steeds by sy dogter in Stilfontein maar is nog 'n lidmaat van Parys-Wes waar hy vir baie jare op die Kerkraad gedien het.

20 – Louis van Rensburg (84): Dit gaan baie goed, hy is nog op en wakker en is besig om voëlhokke te bou.

21 – Kobus Myburgh (91): Hy het 'n paar pyne in die rug maar verder nie klagtes nie.

Die derde vlag van Covid-19 het al die aktiwiteite by die kerk, behalwe die erediens op Sondagoggend – en dit gaan voort met beperkte getalle en die nodige voorsorg - weer tot stilstand gedwing. Weens omstandighede in Schonkenville, word die kospakkies steeds daar by die NG Kerk uitgedeel.

Gebed is 'n goddelike tonikum vir gees, siel en liggaam. Dit is die balsem van die lewe. Gebed maak mens jonk en mooi! -

Ds Weitz Botes - Die Posduif, Mei 2005

DIENSGROEP GEMEENTEBEDIENING

Die Diensgroep Gemeentebediening het vir 'n geruime tyd nie 'n voorsitter gehad nie en sekere doelwitte vir die Diensgroep kon nie die nodige aandag kry nie. Chris Stander (en Marina!) het gedurende Februarie 2020, net so voor Covid 19 ons getref het, ingestem om as voorsitter te dien. Uit die aard van die saak kon daar nie veel gedoen word in die streng afsonderingstydperk nie. Nadat die regulasies verslap is en daar weer dienste en vergaderings gehou kon word is daar aan die werk gespring. Die Standers en Dries het deur die doelwitte gewerk en die Diensgroep het saam met die ouderlinge en diakonie vergader om die pad vorentoe te bespreek. Die volgende is van die resultate wat reeds bereik is:

- 'n Gebedsgroep wat die geestelike welstand van die gemeente op die hart dra is gestig en kom op Donderdae om 09:00 by die kerk bymekaar. Die groep het gegroei van drie na ongeveer agt lede en is ook uitgebrei met 'n binnekamer gebedsgroep met ± 13 lede. Almal is welkom om by die gebedsgroep aan te sluit. Gemeentelede wat nie die Gebedsaksie op Donderdae kan bywoon nie, is welkom om by die **binnekamergebedsaksie** aan te sluit. Marina het 'n Whatsapp groep vir die doel gestig. Enige iemand wat belangstel of meer te wete wil kom, kan vir Marina op 082 371 4700 skakel.
- Daar is reeds 'n paar kerkraadslede voorgestel om die leemte in van die wyke te vul. Daar is egter nog vakatures en as jy bereid is om as kerkraadslid te dien, kan jy gerus vir ds Barry (078 593 4449), die leierouderling (Thys van Zyl - 072 733 5376), leierdiaken (Alet Verwey – 079 228 4043) of die kerkkantoor (056 811 5316) skakel.
- Die dienste word steeds Sondae opgeneem en saam met die weeklikse afkondigings per Whatsapp aan gemeentelede gestuur.
- Op Sondag 16 Mei is die diens ook deur Wian Viviers (ons klankman) op eie initiatief verfilm om dit op YouTube te toets. Ons eredienste behoort dus ook in die toekoms op YouTube beskikbaar te wees.

2 KORINTIËRS 1:11- Daartoe werk julle mee deur vir ons te bid. So sal die gebede van baie 'n seën van God vir ons bring, en dan sal baie Hom vir ons dank.

Kom ons bid vir ons gemeente en mag ons gemeente van krag tot krag gaan.....

Dries de Jager

NUWE INTREKKERS

Baie welkom aan die volgende nuwe intrekkers in die gemeente. Ons vertrou dat jul betrokkenheid by NG Parys-Wes vir jul tot seën sal wees. Gewillige hande is altyd welkom en ons wil jul uitnoui om by een van die diensgroepe betrokke te raak. Kontak gerus die kerkkantoor as jy iewers wil help.

Naam	Adres	Vorige Gemeente	Wyk	Kontaknr
Dries en Emsie van Heerden	St Janstraat 54	NG Weltevredenpark	Dwars	060 581 4580 064 654 1973

KLEREVERKOPING SCHONKENVILLE

Na die versoek vir tweedehandse klere, het die gemeente wonderlik gereageer en kon ons op 8 Mei om 9 vm 'n klereverkoop ten bate van die Eendjies Kleuterskool in Schonkenville hou. 'n Reënbui vroegoggend het byna ons planne en ons vertrou in die



Here 'n knou gegee, maar met dankbaarheid het ons gesien die son kry die oorhand! Met sowat 5 lede van die Getuienis Diensgroep, Philip wat die geldkassie hanteer het en die 4 personeellede van die skool, het ons vanaf 8 uur uitgepak, opgehang en verkoop en teen 11 uur halt geroep. Ons kon R1600 bymekaar bring wat gaan help om kos aan die sowat 20 kindertjies deur die jaar te voorsien. Dit was 'n gesellige en geseënde oggend en die Diensgroep Getuienis is dankbaar teenoor die Here en elkeen wat meegewerk het.

Suna Meyer

PINKSTER 2021



Die Pinksterdienste is vanjaar vanaf Sondag, 16 Mei tot Vrydag, 21 Mei by die NG Moedergemeente gehou en die oorkoepelende tema was **Soos asem uit God se mond**. Die dienste om 10:00 en 18:00 is deur Ds Neels de Jager van Vaalrivier-gemeente gelei.

Die temas vir die verskillende dae was soos volg:

Sondag – Soos asem uit God se mond (Timoteus)

Maandag - In alles, onthou om te onthou om God te onthou en lief te hê (Deuternomium)

Dinsdag – Twee speëls een beeld en God se stem wat eggo tot in ewigheid (Matteus 5-7 , Exodus 20)

Woensdag – Verseël tot in ewigheid (Openbaring)

Donderdag – Elke geslag plant die bome in wie se skaduwee die volgende geslag kan skuil (2 Konings)

STEUN AAN SENDELINGE

Die Diensgroep Getuienis en deur hulle die gemeente, ondersteun al vir baie jare 'n paar sendelinge. Die steun is ongelukkig nie groot nie maar ons vertrou tog dat dit altyd iewers 'n gaatjie sal vul. Een van die sendelinge is ds Johan Bloemhof van die Franse sending en ons het nou die volgende bedankingsbrief van hom gekry. Hy vertel ook kortliks waarmee hul besig is.

“Beste Hortense, Getuienisaksie en gawe Parys-Wes gemeente, Ontvang weer 'n woord van hartlike opregte dank vir die pragtige bydrae van R1500 op 17 Februarie vir die Franse Sending. Ons is die Here daarvoor dankbaar en vertrou dat julle “...vrygewigheid tot gevolg sal hê dat God gedank word...” 2 Kort. 9.11.

*Ons is opgewonde dat meer as 500 **gesinne** se kinders die Goeie Nuus oor die afgelope maande kon aanhoor deur spesiale Internet Zoom klubs – nuwe wyses om steeds die Evangelie verder te versprei ten spyte van die Covid situasie –*

niks kan God se Koninkryk stuit nie.

Ons gaan steeds voort met die Paasfees Goeie Nuus oor die hele maand van April op ons kindernetwerk www.cliquelavie.com en aanlyn Bybellesing oor die Markus evangelie vir die Franssprekende wêreld. Dit is goed vir Frankryk aangesien die skole toegemaak is deur die groot toename van die Covid en die kinders het nou weer meer tyd by die huise. Bid asseblief saam dat baie kinders sal inskakel en Jesus so ontdek.

*Mag die Here julle seën
Ds Johan Bloemhof'*

Robbertzes in Tanzanië

Die Robbertzes is in Tanzanië en hulle stuur elke twee maande 'n nuusbrief uit om ondersteuners en belangstellendes op hoogte te hou van hul stryd om daar te kom en daar te kan bly en dan veral dit

waarmee hul besig is. In die Robbertze Nuus van Mei-Junie 2021 (trudie.robberitze@gmail.com) het Trudie die volgende geskryf:

Vandag wil ek graag 'n gedeelte uit 'n LEEF-tydskrif met jou deel. Ek blaai deur ou tydskrifte wat ek by 'n vriendin gekry het en die volgende gedeelte wat hul uit C.S. Lewis se "The four loves" gehaal het, tref my...

"VIR MEKAAR GEGEE!"

In ons vriendskappe dink ons dat ons self ons vriende en tydgenote gekies het. Die realiteit van 'n paar jaar tussen geboortedae, 'n paar kilometer tussen huise, die keuse van een universiteit teenoor 'n ander, 'n onderwerp wat geopper word of nie geopper word nie – enige hiervan kon ons van mekaar weggehou het. Maar vir 'n Christen is daar streng gesproke geen toeval nie. 'n Geheime Seremoniemeester was hier aan die werk. Toe Christus vir Sy dissipels gesê het: "Julle het my nie gekies nie, maar ek vir julle", het Hy ook inderwaarheid vir elke groep Christen-vriende

gesê: "Julle het nie vir mekaar gekies nie, maar Ek het julle vir mekaar gekies." Die vriendskap is nie 'n beloning vir ons goeie smaak en onderskeidingsvermoë nie. Dit is die instrument wat God gebruik om aan elkeen van ons die mooi van ander uit te wys."

So kom jy al 'n lang pad saam met ons, so bou ons in mekaar se lewens in... slyp die diamante mekaar!

Vandag wil ek Vader eer vir jou in ons lewens... dankie dat jy vir ons intree in gebed, 'n bydrae maak... geen een van jou offers sal leeg terugkeer nie. (Matt. 25:40)

SENDING SONDER GRENSE BESOEK ONS GEMEENTE

'n Verteenwoordiger van Sending sonder Grense het reeds in Des 2019 met my kontak gemaak en gevra vir 'n geleentheid om hul werk aan die gemeente bekend te stel en ons het gepraat oor 'n moontlike datum in 2020. Maar toe gebeur Covid ... en alles word uitgestel.

John de Kock besoek ons gemeente uiteindelik op Sondag, 14 Maart 2021 en beklemtoon dat al het Jesus aan die kruis gesê "Dit is volbring" en Jesus se offer vir ons redding is volbring, is ons taak nie voltooi en afgehandel nie. Oral in die wêreld is die nood baie groot, selfs in Suid-Afrika. Maar in Suid-Afrika is baie organisasies wat vertel van Jesus en hulp verleen. Dit is nie oral die geval nie. John vertel ons van die groot nood in voormalige Sowjetlande. Sending sonder Grense werk

in die armste lande, nl Bosnia-Herzegovina, Moldawië, Albanië, Oekraïne, Roemenië en Bulgarye. Die inwoners gaan gebuk onder groot finansiële armoede, maar ook emosionele- en geestelike armoede. John doen 'n beroep op ons om betrokke te raak.

Een van Sending sonder Grense se aksies is om borge te kry vir kinders wat onder moeilike omstandighede groot word. So 'n borgskap beloop R250 per maand. Wat dit besonders maak, is dat die borg ook 'n mate van waardevolle kontak met die kind het deurdat die borg aan die kind briewe kan skryf, dit word vertaal deur die organisasie se vertalers en aan die kind besorg en die kind stuur briewe of prentjies terug. Op die manier kan die borg ook vir die kind meer van Jesus vertel.

John vertel dat die hulp en belangstelling in so 'n kind se lewe van onskatbare waarde is. By die sentrums waar die kinders kos en studiehulp kry, kan hulle duidelik sien watter verskil dit in kinders se lewens maak om 'n borg te hê. Die kinders hoor van en leer Jesus ken, maar beleef ook dat daar iemand is wat regtig omgee. Omdat hul ondersteun word, vorder die kinders beter op skool en hul kan beurse kry vir verdere studie.

Mirand, 'n jongman uit Oos-Europa skryf: *“Ek wil Sending Sonder Grense en my borge hartlik bedank vir hierdie geleentheid om 'n elektriese tegnikus te word. Ek is bevoorreg om deur julle ondersteun te word – julle belegging het my lewe verander.”*

Indien enigeen graag nog 'n lewe wil verander en 'n kind wil borg, kontak asb vir John de Kock by idekock@mwbi.org of 082 774 8529 vir meer inligting. Besoek gerus ook www.mwb-sa.org.

Hortense Hugo

Na afloop van sy besoek aan Parys-Wes, is die volgende bedankingsbrief van John de Kock ontvang:

“Ja, kan jy glo? So het ons beplan, uitgestel, herplan en toe op die ou end het die dag aangebreek en nou ja, nou is dit reeds iets van die verlede!!

Ek is dankbaar, ek is bly en ek sien uit na die volgende geleenthede, waar dit ookal mag wees. Ek weet ek is die instrument in die Here se hande en partymaal dink 'n mens tog



dat jy so 'n “klop op die skouer” gaan kry, maar dan raak 'n mens mos verwaand en jy dink dat jy “iets” vermag het. 'n Mens het tog 'n verwagting as jy by 'n gemeente aankom en jou doel is dan mos om borge te kry vir die

kinders. So, as jy daar wegry, sonder dat een kind geborg is, dan voel 'n mens tog 'n sekere mate van mislukking. Maar ek weet, dit wat ek Sondag gedoen het, was suksesvol.

Ek het dit waarmee die Here doenig is in ons fokuslande aan die gemeente bekend gemaak. Ek het vertel van kinders wie se lewens verander is en ek glo dat daar wel 'n saadjie gesaai is. So, ek bly dankbaar en ek wil vir jou bedank vir alles. Ek wil ook vra dat jy die

HERFS 2020

Iemand het verlede jaar die stuk vir die Posduif gestuur maar hy is om een of ander rede nie geplaas nie. Dit kan ook wees dat die stuk op die internet gekry is. Wat dit sê is nog net so geldig as 'n jaar terug. Toe was dit die begin van die Covid-19-pandemie en nou wag ons vir die derde bedryf wat volgens alle aanduidings vinnig op pad is. Indien iemand wel weet waar die stukkies vandaan kom, kontak my asb sodat ons die nodige erkenning kan plaas. Red.

(Foto: Herfs by Emmarentiadam in Johannesburg – Shoyab Wadee)

Dit was die herfs toe ons bedreig is deur 'n ding wat jy nie met die oog kon sien nie, toe ons nie ons woonplekke sonder 'n goeie rede mag verlaat het nie en ons mekaar nie meer met die hand kon groet nie. Die herfs toe ons vooraf te veel toiletpapier en te min wyn gekoop het. Die herfs toe die kerk se deure op 'n Sondag gesluit moes bly en elkeen van ons 'n kundige was op Facebook oor enigiets van

kerkraad en die predikant bedank vir die geleentheid wat geskep is en ek is dankbaar dat ek ook dit wat die Here op my hart geplaas het, met die gemeente kon deel.

Ek bid ook dat die Here vir julle as gemeente sal seën, dat Hy vir julle duidelik die pad sal wys wat Hy wil hê julle moet loop en ek bid vir beskerming, voorsiening en dat Sy genade genoeg sal wees.

Weereens, dankie, ek het die tydjie by julle baie geniet. Seen en vrede vir julle. John de Kock”



virologiese infeksies tot die Egiptiese gode in die jaar 234 vC. Die herfs toe almal verkeerd en gedeeltelik verkeerd en net jy reg was. Die herfs toe 'n video-opname rondgestuur is waarop daardie bekende gospelsanger bevestig ons lewe nou in die eindtyd wat in Openbaring beskryf word en dat die antichris uit Sirië gaan kom. Kort daarna is hy egter reggehelp deur 'n pastoor van Pretoria. Die

antichris gaan, volgens die pastoor, glo uit Turkye kom. Die tyd van die groot verdrukking het aangebreek en hierdie keer gaan dit nie help om te emigreer nie. Die herfs toe ons aan onself bewys het ons is 'n spesie wat nie met onsekerheid kan saamleef nie. Te veel onsekerheid laat ons soek na sondebokke en gryp na verregaande verduidelikings wat die grense van die wetenskap oorskry. Bill Gates sit agter die hele ding. Dis die duister werkinge van die nuwe G5-tegnologie. Kyk, hier lê elf wilde-eende iewers in Brittanje in 'n smal teerpad dood. Dit is die Chinese. Dit is die Illuminati. Dit is God se bestraffende vinger wat na ons wys. Dé, vat hier. Sluk vir ons hierdie rou eier af. Die herfs toe ons een-een deur winkels gedwaal het, soos bannelinge uit 'n Edward Hopper-skildery. Toe elke dag later soos 'n Sondagmiddag begin voel het en ons weer soos oorle Ouma gemmerbier begin maak het. Die herfs toe daardie vrou in die huis met die toe gordyne, die vaal enetjie op skool wat haar maatjies graag by die juffrou verklik het, se lankverlore hoofmeisiedrome verwesenlik is.

In my soeke na die outeur het ek toe ook op 'n gedig - die herfs van 2020 / LitNet - van Christo Meyer in Litnet (23 Maart 2021) afgekom wat dieselfde strekking het. In 'n verdere gedig "In die tyd van korona" (<https://www.litnet.co.za/in-die-tyd-van-korona/> - Litnet 10 Maart 2021) begin Christo Meyer soos volg en ek dink elkeen van ons kan daarmee assosieer:

Die jaar het skaars begin
en ek wens al dis verby

Neem 'n foto van elkeen wat buite sy erf is. Bel dadelik die polisie! Die herfs toe jou plaaslike whatsapp-groep jou laat wonder het of Jean Paul Sartre nie dalk reg was toe hy 'n karakter in een van sy dramas laat sê het: "Die hel is ander mense." Die herfs toe jy skelm snags met my honde begin stap het en betrokke was in 'n geheimsinnige transaksie met 'n man in 'n pers Tazz in Shoprite se parkeerterrein waartydens 'n karton sigarette en 'n bottel Wellington-brandewyn van hande verwissel het. Die herfs toe jy laatmiddag gewag het vir die ibisse om verby te kom. Die herfs toe daardie ryk man tog maar besluit het om die een wat sy gastehuis vir jare al getrou bestuur het, nie verder te betaal nie. Dit gaan sleg lyk om sonder daardie karige salaris wat hy haar gewoonlik per maand betaal het, in die hiernamaals aan te kom. Die herfs toe ons die dodetal sporadies, soos die telling van 'n vyfdag-krieketwedstyd, begin volg het, toe ons aanhoudend vir mekaar gesê het: "Niks gaan ooit weer dieselfde wees nie." Die herfs voor die lang-lang winter wat enige dag nou gaan begin.

nes ek wens dat Covid-19
in sy kar sal klim en ry

Hy't net hier ingestorm
soos 'n ongenooide gas

en seker gemaak die lewe
sal nooit weer wees wat dit was

DIE GROOT SPUIT!!

Die groot pandemie, Covid-19, het ons in 2020 getref en dit het die wêreld op sy kop gekeer. Lande is gesluit, vlugte is gekanselleer, mense sterf en die ekonomie is in sy kanon as gevolg van Covid. Met die aanbreek van die derde vlaag is bedrywe bekommerd oor wat die regering gaan doen want hulle kan nie nog 'n groot sluiting/ inperking/ kwarantyn hanteer nie.

Met die gawes wat wetenskaplikes ontvang het, is daar net soos met vorige groot siekte uitbrake, bv polio, vinnig gewerk en vandag is daar verskeie entstowwe op die mark. Daar is met die inenting van gesondheidswerkers begin en nou is die volgende groep aan die beurt – die seniors bo sestig.

Sommiges het bedenkinge oor die entstof, sommige wil spuit en ander wil nie. Party dink die entstof is te vinnig ontwikkel en ander is bekommerd oor die nuwe-effekte daarvan. Dit was selfs by die onlangse Pinksterdienste ter sprake waar ds Neels de Jager daarop gewys het dat ons almal deur ons lewe verskeie entstowwe en inspuitings ontvang het en dat dit ons nie kwaad gedoen het nie. Inteendeel, dit het lewens gered.

Toe breek ons klomp hier in Goue Jare wat daarvoor geregistreer het, se beurt ook aan om by Najaarsrus te gaan aantree vir die INSPUITING. Stories van dik naalde en vreeslike nagevolge het vooraf geloop en party is hoeka bang vir die naald. Maar ons het gegaan, ons het in 'n lang ry gesit en wag, die nodige vorms is ingevul, bloeddruk en koors is geneem, en toe --- die wrede suster met die GROOT NAALD. HA, ha, ha. Dit is 'n klein naaldjie, met 3ml entstof en voor jy weet, is jy klaar gespuit. Daarna wag jy vir 15 minute om seker te maak dat die entstof jou nie affekteer nie en na 'n verdere bloeddrukkeontrolle gaan jy huis toe. Weens die aard van die entstof kry ons oor 42 dae die tweede inspuiting.

Hoe was die ervaring? Dit is iets wat ons moet laat doen om ons self en ander te beskerm maar elke ou besluit vir homself. Die hantering van die “pasiënte” was baie professioneel en hul veiligheid was prioriteit.

Niemand by Goue Jare is ernstig geaffekteer deur die entstof nie. Enkeles se arms was bietjie gevoelig, maar niks ernstig nie.

ooooOOoooo